

# Die Evangelie volgens Markus

## Hoofstuk 5

**Die besetene van Gerasa**

(Matt. 8:28-34; Luk. 8:26-39)

1 Daarna het hulle oorkant die see in die land van die Geraseners aangekom. 2 Net
toe Jesus uit die skuit klim, het daar van die grafte af 'n man met 'n onrein gees Hom
tegemoet gekom.

3 Die man het tussen die grafte gebly. Niemand kon hom selfs met 'n ketting vasbind
nie, 4 want hulle het hom al dikwels met voet- en handboeie vasgemaak, maar dan
ruk hy die handboeie uitmekaar en skop die voetboeie stukkend. Niemand kon hom
baasraak nie. 5 Hy was dag en nag aan die skreeu tussen die grafte en in die berge,
en dan kap hy homself met klippe.

6 Hy het Jesus al van ver af gesien en nader gehardloop. Hy het voor Hom neergeval
7 en hard geskreeu: “Wat het U met my te doen, Jesus, Seun van God die
Allerhoogste? Ek smeek U: In Gods Naam, moet my nie pynig nie!” 8 want Jesus het
vir hom gesê: “Onrein gees, gaan uit die man uit!”

9 Hy het hom toe gevra: “Wat is jou naam?”

“My naam is Legio,” antwoord hy Hom, “want ons is baie.”

10 Die man het Hom toe ernstig gesoebat om hulle nie uit die landstreek uit weg te
stuur nie. 11 Daar naby teen die berg het 'n groot trop varke geloop. 12 Die onrein
geeste het Hom toe gesmeek: “Stuur ons na die varke toe, sodat ons in hulle kan
invaar!”

13 Hy het hulle dit toegelaat, en hulle het uitgegaan en in die varke ingevaar. Die hele
trop van omtrent twee duisend het op loop gesit teen die hang af, die see in, en hulle
het versuip.

[14] Hulle wagters het weggehardloop en dit in die dorp en op die plase gaan vertel.
Die mense het kom kyk wat daar gebeur het. [15] Toe hulle by Jesus kom en die
besetene in wie die baie bose geeste was, daar sien sit met sy klere aan en by sy
volle verstand, het hulle groot geskrik. [16] Dié wat alles gesien het, het vir hulle vertel
wat met die besetene gebeur het, en ook van die varke. [17] Hulle het toe by Jesus
daarop aangedring om uit hulle gebied uit weg te gaan.
[18] Toe Jesus in die skuit klim, het die man wat van die duiwel besete was, by Hom
daarop aangedring om saam met Hom te gaan. [19] Jesus het hom dit egter nie
toegelaat nie maar vir hom gesê: "Gaan na jou huis, na jou mense toe, en gaan
vertel vir hulle wat die Here alles vir jou gedoen het en dat Hy jou jammer gekry het."
[20] Hy het toe gegaan en deur die hele Dekapolis begin bekend maak wat Jesus alles
vir hom gedoen het. Almal was verbaas daaroor.

**Die dogtertjie van Jaïrus. Die vrou met bloedvloeiing**
**(Matt. 9:18-26; Luk. 8:40-56)**

[21] Jesus het daarna met die skuit teruggevaar oorkant toe en toe Hy nog daar by die
see was, het 'n groot menigte om Hom saamgedrom. [22] Een van die raadslede van
die sinagoge, 'n man met die naam Jaïrus, kom toe daar aan. Net toe hy vir Jesus
sien, val hy op sy knieë voor Hom [23] en smeek Hom dringend: "My dogtertjie lê op
haar uiterste. Kom lê tog u hande op haar, sodat sy kan gesond word en lewe."
[24] Hy het saam met hom gegaan. 'n Groot menigte het agter Hom aan gegaan en
hulle het van alle kante af teen Hom gedruk.
[25] Daar was ook 'n vrou wat al twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het. [26] Sy het
baie gely onder die behandeling van talle dokters en het alles wat sy gehad het,
daaraan bestee. Sy het egter geen baat daarby gevind nie; haar toestand het eerder
vererger.
[27] Sy het van Jesus gehoor en in die gedrang nader gekom en van agter af aan sy
klere geraak, [28] want sy het gedink: as ek maar net aan sy klere kan raak, sal ek
gesond word. [29] En dadelik het die bron van haar bloedvloeiing opgedroog, en sy
kon aan haar liggaam agterkom dat sy van haar kwaal ontslae was. [30] Jesus het ook
self onmiddellik geweet dat daar van Hom krag uitgegaan het. Hy het Hom in die
gedrang omgedraai en gevra: "Wie het aan my klere geraak?"
[31] Sy dissipels het Hom geantwoord: "U sien tog dat die mense van alle kante af teen
U druk, en dan vra U nog: Wie het aan My geraak?"

[32] Hy het rondom Hom gekyk om te sien wie dit gedoen het. [33] Die vrou het geskrik
en gestaan en bewe, want sy het besef wat met haar gebeur het. Sy het toe voor
Hom op haar knieë kom val en vir Hom haar hele geskiedenis vertel. [34] Daarna sê
Hy vir haar: “Dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede. Wees vir goed van jou
kwaal genees!”
[35] Terwyl Jesus nog met die vrou praat, kom daar mense van die raadslid van die
sinagoge se huis af en sê vir hom: “U dogter het gesterwe. Waarom val u nog ons
Leermeester lastig?”
[36] Jesus het egter met die een oor gehoor wat daar gesê word, en Hy sê toe vir die
raadslid van die sinagoge: “Moet jou nie ontstel nie. Bly maar net glo!”
[37] Jesus het niemand behalwe Petrus, Jakobus en Johannes die broer van Jakobus
toegelaat om verder saam met Hom te gaan nie. [38] Hy kom toe by die huis van die
raadslid van die sinagoge aan en sien die hele gedoente van mense wat verskriklik
huil en te kere gaan. [39] Hy het ingegaan en vir hulle gesê: “Wat raas en huil julle so?
Die kindjie het nie gesterwe nie, sy slaap net.”
[40] Hulle het Hom uitgelag.
Hy het almal beveel om uit te gaan. Hy het net die pa en die ma van die kindjie en
die drie dissipels wat by Hom was, saamgeneem en in die kamer ingegaan waar die
kindjie was. [41] Hy vat toe die kindjie se hand en sê vir haar: “Talita, koem!” Dit
beteken: Dogtertjie, Ek sê vir jou, staan op!
[42] Dadelik het die dogtertjie opgestaan en begin loop; sy was al twaalf jaar oud. Die
mense was stom van verbasing. [43] Hy het hulle toe streng opdrag gegee om
niemand anders daarvan te laat hoor nie en gesê hulle moet vir haar iets te ete gee.

## Kommentaar volgens Bybel in Praktyk

### 5:1

Die besetene van Gerasa. Ons weet dat s6'n bose gees die liggaam vernietigend aanval en die mens se verhoudinge met sy Skepper en medemens pynlik aantas. Bose geeste is vandag nog gevaarlik, magtig en vernietigend. Dit is belangrik om te besef dat alhoewel hulle voortdurend met hulle bose werk besig is, Christus eens en vir altyd die oorwinning oor die Bose behaal het en dat ons uit dié oorwinning moet leef. En tog moet ons nie heul met die Bose deur nuuskierigheid nie. God gee krag om die Bose te weerstaan. In die dorpie Gerasa het die Geraseners gewoon, dit is

nie-Jode wat onder andere met varke geboer het. Jesus reik dus nou ook uit na ander volke.

### 5:2-8

Die man met die bose gees was s6 gevaarlik dat hy al buite die stad tussen die grafte moes gaan woon het, dit wil sê in die grotte en rots hange. Hy was ontembaar. Hy was te sterk om vas gemaak te word totdat Jesus hom met sy woorde sou tem. Die bose gees wil nie gepynig word nie want dit beteken dat hy in die verderf moet beland om gepynig te word. 5:9 Die bose gees het gesê dat sy naam" Legio" is. Dit hou verband met" legioen" die grootste eenheid soldate wat in die Romeinse leer gekry is. Daar was tussen 5 000 en 6 000 soldate in s6 'n legioen. Dit is dus duidelik dat daar nie net één bose gees in hierdie man was nie, maar baie.

### 5:10

Markus beklemtoon dikwels die bonatuurlike stryd tussen Jesus en die Bose. Die bose geeste wou volkome beheer hê oor die mense in wie hulle gewoon het. Daar teenoor wou Jesus die mense bevry van die mag van Satan en die sonde. Die bose geeste het geweet dat hulle voor Jesus magteloos was. Daarom het hulle Hom gesmeek om hulle nie terug te stuur na die onderaardse diepte waar hulle volgens die siening van die tyd vandaan gekom het nie (Luk 8:31). Jesus het hulle versoek toegestaan (5:13) maar seker gemaak dat hulle nie enige verdere verwoestingswerk in mense kan aanrig nie deur hulle in die varke te laat vaar.

### 5:11

Varke was volgens die Ou-Testamentiese wette "onrein" diere (Lev. 11:7). Dit het beteken dat die Jode hulle nie kon eet, of selfs aan hulle kon raak nie. Hierdie voorval het in die landstreek van Gerasa afgespeel, suidoos van die See van Galilea. Dit was 'n nie-Joodse gebied, daarom was daar 'n trop varke wat aan iemand behoort het.

### 5:17

Hoekom wou die mense dan hê Jesus moes daar weggaan nadat Hy 'n mens se lewe op so 'n wonderlike manier gered het? Hulle het Hom gevra om weg te gaan, omdat hulle bang was vir sy bonatuurlike mag wat ook ander dinge aan hulle sou

kon doen. Dalk was hulle ook bang dat Jesus nog meer varke sou doodmaak, en s6 vir hulle baie skade kon veroorsaak. Hulle sou dus liewer van die vreemde Jesus afsien as van hulle sekuriteit en inkomste.

### 5:19

Jesus het vir hierdie man gesê om vir sy vriende van sy wondergenesing te vertel. Dit is opvallend, omdat Jesus die mense gewoonlik beveel het om stil te bly na 'n wondergenesing, as deel van sy lyding as Messias. Hoekom het Hy nou van sy oënskynlike beleid afgewyk? 'n Paar moontlike antwoorde: (1) Die man wat vroeër in die mag van die bose gees was, het alleen in die veld gebly en kon nie praat nie. As hy dus vir die ander mense sou vertel wat met hom gebeur het, sou dit 'n bewys wees dat hy genees is. (2) Daar het hoofsaaklik nie Jode in daardie omgewing gewoon, daarom het Hy geweet dat Hy waarskynlik nie deur 'n groot skare gevolg sou word nie. (3) As die man die goeie. nuus vir almal in die omgewing gaan vertel, sou dit Jesus se bediening ook na die nie-Jode laat uitbrei. Die nie-Jode sou immers nie verkeerde opvattinge oor sy Messiasskap die wêreld in stuur nie.

### 5:19-20

Hierdie man wat vroeër in die mag van 'n bose gees was, was nou 'n lewende voorbeeld van Jesus se almag. Hy wou saam met Jesus gaan, maar Jesus het hom beveel om huis toe te gaan en vir almal te gaan vertel wat met hom gebeur het. As ons Jesus se mag al so in ons lewe ervaar het, is ons ook lewende getuies van die almag van God. Jesus het later weer die gebied van die tien dorpe besoek (7:31) en seker die spore van die man se getuienis raakgeloop.

### 5:20

Dekapolis is die Griekse naam vir die gebied suidoos van die See van Galilea, waarin tien stede geleë was. Hier die tien stede het elk sy eie owerheid gehad, maar het mekaar ondersteun in 'n bondgenootskap as daar gevaar was, en ook ten opsigte van die handel. Die stede is eeue tevore deur Griekse handelaars en immigrante aangelê. Daar was wel Jode in die gebied, maar hulle was geheel en al in die minderheid. Baie van die inwoners van dié gebied het Jesus gevolg (Matt 4:25).

### 5:22

Jesus het weer die See van Galilea oorgesteek en waarskynlik in Kapernaum aan wal gegaan. Jaïrus was 'n raadslid van die plaaslike sinagoge. Hy moes dus omsien na die gebou, die aanbiddingsdienste en die skool se bedrywighede gedurende die week. Die raadslede van die sinagoges het die Fariseërs gewoonlik goed geken en 'n mens kan aanvaar dat daar heelwat druk op hulle was om nié iets met Jesus te doen te hê nie. Die feit dat Jaïrus voor Jesus op sy knieë geval het, dui op die diepte van sy opregte vertroue op en eerbied vir Jesus. Hy het egter ook baie gewaag, want sy optrede kon hom duur te staan kom.

### 5:25-34

Die vrou het aan 'n ongeneeslike kwaal gely wat 'n aanhoudende bloed vloeiing tot gevolg gehad het. Dit is moontlik veroorsaak deur 'n menstruele of urineer probleem wat weer daartoe gelei het dat sy volgens wet onrein was (Lev. 15:25-27). As gevolg daarvan kon sy nie 'n normale sosiale lewe in die Joodse gemeenskap lei nie. Sy wou baie graag hê dat Jesus haar moes genees, maar sy het geweet dat Hy ook onrein sou word as sy aan Hom sou raak. Ten spyte daarvan het sy egter in die geloof aan sy klere geraak, en is sy oombliklik genees. Jesus het ervaar dat daar krag van Hom uitgegaan het toe die vrou gesond geword het.

### 5:32-34

Jesus was beslis nie vir die vrou kwaad omdat sy aan Hom geraak het nie. Hy het geweet dat dit sy was wat aan Hom geraak het, maar Hy het nietemin gevra wie dit was, want Hy wou vir haar iets omtrent geloof leer. Sy is wel genees toe sy aan Hom geraak het, maar volgens Jesus was dit haar geloof wat haar gesond laat word het. Jesus noem haar "dogter". Sy het inderdaad nou deel van Jesus se geloofsgesin geword.

### 5:36

Die krisis waarin Jaïrus verkeer het, het hom diep besorg gemaak. Jesus se woorde aan Jaïrus is ook vir ons 'n les. Hy het vir hom gesê: "Moet jou nie ontstel nie. Bly maar net glo!" Daar is nie net hoop nie, maar ook 'n versekering in daardie woorde opgesluit. Die Seun van God is s6 oortuig van sy sending deur die Vader dat Hy Jaïrus gerusstel en oproep tot geloof, omdat Hy reeds geweet het wat sou volg en

wat die uitkoms sou wees. Ons moet ook probeer om ons krisisse liewer vanuit die Goddelike perspektief te sien as net vanuit ons eie nood.

### 5:38

Dit was in daardie tyd gebruiklik om hard te huil en te kere te gaan as iemand sterf. As 'n mens dit nié wou doen nie, het jy daardeur te kenne gegee dat jy geen respek vir die oorledene gehad het nie. Daar was selfs mense (veral vroue) wat professionele roubeklaers was. Hulle is deur oorledenes se familielede gehuur om by die lyk te  huil en te weeklaag. Dit was ook die gebruik om die liggaam op die sterfdag deur die strate te dra, en dan het dié roubeklaers, en enigiemand anders wat daarna voel, agter die lyk aangeloop en hardop gehuil en te kere gegaan.

### 5:39-40

Die mense wat so besig was om in die huis oor die kind te huil, het Jesus net uitgelag toe Hy gesê het dat sy nie dood is nie, maar slaap. Die dogtertjie was reeds dood, maar Jesus het gesê sy slaap net, om hulle te laat verstaan dat haar toestand net tydelik was en dat sy weer lewend sou word. Dit is nie van belang of Jesus na haar fisieke of geestelike toestand verwys het nie, want sy sou ten opsigte van albei weer lewend gemaak word.

Jesus het die mense se spot verduur, want Hy wou hulle 'n belangrike les ten opsigte van geloof en vertroue in Hom leer. Dit is 'n ernstige vraag of ons as moderne mense nog die volle vertroue in God het om ten spyte van menslike teenkanting te bly glo dat Hy magtig is en alles kan doen wat vir ons nie meer moontlik lyk nie.

### 5:41-42

Die omstanders was stom van verwondering dat die dogtertjie weer lewe. Is dit nie pragtig nie dat, nadat Jesus die groot almag van God sigbaar gemaak het deur die opwekking van die dogtertjie, Hy vir haar huismense sê om vir die kind kos te gee?

### 5:43

Jesus het die dogtertjie se ouers belet om vir ander mense van die wonderwerk te vertel. Hy wou hê dat die feite mense moes oortuig. Die tyd vir die finale botsing met

die geestelike leiers het ook nog nie aangebreek nie. Daar was nog baie werk wat Jesus moes doen en Hy wou nie hê groot skares moes agter Hom aanloop net om sy wonderwerke te sien nie. Dié verberging van sy Messiasskap was ook deel van sy lyding op aarde. So veel misverstande het daaromheen ontstaan dat Jesus telkens opdrag gegee het dat mense nie moes vertel van wat Hy gedoen het nie.